higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 4

15 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 A
1.3 D
1.4 C
1.5 B
1.6 A
1.7 A
1.8 C
1.9 B
1.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar
2.6 Waar
2.7 Onwaar
2.8 Onwaar
2.9 Onwaar
2.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 A
3.3 D
3.4 E
3.5 B

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

4.1 Vervoer
4.2 pakhuis
4.3 tussenganger
4.4 Geïsoleerde flesse
4.5 Gevaarlike goedere

(5 × 1) **[5]**

TOTAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Identifiseer die doelwitte of doelstellings wat bereik moet word.
- Formuleer strategieë om die doelwitte of doelstellings te bereik.
- Reël of skep die middele om die doelwitte of doelstellings te bereik.
- Implementeer, bestuur en monitor die stappe in hul korrekte volgorde. (4 × 2) (8)

5.2 **Beleide** is die onderneming se sakereëls en -riglyne.✓ Dit is verklarings wat 'n organisasie se leidende beginsels en sienings oor 'n bepaalde saak duidelik en ondubbelsinnig uiteensit✓terwyl✓**Prosesse** verwante aktiwiteite is✓ wat 'n bepaalde diens of produk produseer.✓ (5)

5.3
- Spoor✓vervoerde goedere na✓
- Beding✓ vraggeld✓
- Konsolideer lenings✓ om die beste finansiële resultate te kry✓
- Verseker vrag✓ en dien versekeringseise in✓
- Skeduleer en roeteer aflewerings
- Beheer bestuurdergedrag en -oortredings
- Beplan en monitor vraghanteringsprosedures
- Bestuur en beheer transito-sorg van vrag
- Bestuur invoer en uitvoer
- Ontwikkel en hou bedryfsprosedures in stand
- Beplan en implementeer/inisieer instandhoudingskedule
- Rapporteer oor ritkoste en verbeteringskedule
- Rapporteer oor tolgeld, petrolverbruik en instandhoudingsuitgawes
- Beplan en implementeer verspreidingsveiligheids-en-sekuriteitsplanne
- Beplan en implementeer bestuurderveiligheidsprogramme

(Enige ander relevante antwoord 3 × 2) (6)

5.4 5.4.1 Alleeneienaar/eenmansaak (1)

5.4.2 **Voordele van alleeneienaar**

- Jy is jou eie baas. Die grootste voordeel daarvan om 'n alleeneienaar te wees, is dat jy jou eie baas is, en die rigting van die onderneming kan voorskryf.
- Jy hou al die wins. Nog 'n voordeel van 'n alleeneienaar is dat jy al die wins ná belasting van jou onderneming kan hou.
- Dit is maklik om op te rig. Die proses om as 'n alleeneienaar te begin is baie makliker en eenvoudiger as om 'n beperkte maatskappy te begin.
- Lae beginkoste. Registrasie by die SAID ~~HMRC~~ is gratis, dus is daar geen koste daaraan verbonde om as alleeneienaar te begin nie.
- Maksimum privaatheid. 'n Beperkte maatskappy moet by die CIPC registreer en inligting verskaf, wat dan op openbare rekord is. (Enige relevante antwoord 4 × 2) (8)

Commented [GK1]: UK body – SARS in SA

Commented [GK2]: Check and change English

5.4.3



✓

(sluit EEN punt in vir korrekte tekening) (9)

[37]

VRAAG 6

6.1 6.1.1 **Toeganklikheid van markte**
Die belangrikste aspek hieromtrent word gevind in die feit dat bedrywe skaalbesparings in produksie kan benut, ✓ en verspreiding van produkverbruik kan verbeter✓ Dit open breër markte vir uiteenlopende uitsette van intermediêre en voltooide goedere.✓

6.1.2 **Infrastruktuur**
Vervoerdienste vorm 'n kapitaalintensiewe sektor✓wat in infrastruktuur ✓en gevorderde tegnologie investeer.✓

6.1.3 **Beskikbaarheid van arbeidsmag**
Die volhoubaarheid van 'n onderneming is onderhewig aan die beskikbaarheid van 'n toepaslik geskoolde werksmag,✓ vanaf die basislyn tot die bestuursvlak.✓ Die beskikbaarheid van werknemers is dus een van die belangrikste aanbodkantkwessies vir enige bedryf.✓

(3 × 3) (9)

6.2
- Infrastruktuur
- Maatskaplik
- Omgewing (Enige ander relevante antwoord) (3)

6.3 Direkte koste verwys na koste wat aan 'n spesifieke kostesentrum toegeskryf of toegedeel kan word (5)
✓ bv. indien 'n voertuig as 'n kostesentrum in 'n onderneming geregistreer is, sal sy direkte koste die petrol gebruik, die lisensie, versekering en instandhouding insluit✓ terwyl✓, indirekte koste verwys na koste wat nie direk aan 'n spesifieke kostesentrum toegeskryf kan word nie✓, bv. bokoste, personeelsalarisse, skryfbehoeftes of reklame. ✓ (5)

6.4 Gedesentraliseerde verspreiding beteken georganiseerde aflewering ✓aan elke individuele winkel✓ of dat alle verspreidingsaktiwiteite op verskillende plekke geleë is. (2)
[19]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Abnormale vrag (1)

7.1.2
- Voorspanmotor
- Rolwa ('Dolly')
- Leunwa (3)

7.1.3 **Vlae** ✓
- Word gebruik om die eindpunte van die voertuig of vrag aan te dui. ✓ Dit moet aan die volgende vereistes voldoen:
  - Dit moet helderrooi wees;
  - Dui die totale lengte en wydte van die voertuig of vrag aan;
  - Wees stewig aan die vrag op die voertuig vasgemaak;
  - Wees aan die uiterste eindhoeke van die voertuig of vrag geplaas;
  - Is minstens 600 mm × 600 mm groot; en
  - Is skoon en vry om te wapper.

Waarskuwingsbord✓
- 'n Abnormalevoertuig-waarskuwingsbord moet aan die voorkant en agterkant van die abnormale voertuig vertoon word,✓ behalwe in die geval van loopkrane waar 'n abnormalevoertuig-waarskuwingsbord slegs aan die agterkant vertoon moet word.✓

7.1.3 **Ligte**✓

- Sowel die abnormalevragvoertuig as die begeledingsvoertuig/voertuie moet met ‘n amberkleurige flitsende lig toegerus wees.✓ In die geval van ‘n loopkraan moet ‘n amberkleurige flitsende lig aan die heel voorste punt van die voorste oorhang monteer word, sodat dit van alle kante sigbaar is,✓ en ‘n tweede amberkleurige flitsende lig moet aan die agterkant van die loopkraan monteer word.

Begeleidingsvoetuig✓

- Dit is deel van die operateur se verantwoordelikheid om die nodige begeleidingsvoertuie te voorsien✓en om te verseker dat die bestuurder en ander werknemers goed opgelei en met die begeleidingsvereistes vertroud is.✓ (8)

(4 × 2)

7.2

- Nasionale Padkeerswet
- Nasionale Padverkeersregulasie
- TRH 11: Dimensionele en Massabeperkings en Ander Vereistes vir Abnormale Vragvoertuie
- Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde Praktykskode/Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde. (2 × 2) (4)

7.3 **Wydte en lengte**

Die aantal begeleidingsvoertuie asook of hulle deur die operateur of die verkeersowerheid besit word✓ hang af van die afmetings en massa van die gelaaide vragmotor.✓ Owerhede wat permitte uitreik gebruik die berekeninge wat in die TRT 11-dokument voorsien word om die begeleidingsvereistes per abnormale vrag te bepaal.

Hoogte

‘n Operateur moet ‘n begeleidingsvoertuig voorsien om tussen 10 m en 50 m voor✓ enige abnormale voertuig of vrag wat hoër as 4,7 m is, te ry.✓ Wanneer oorhoofse kabels of ander reëlings egter vereis dat die abnormale voertuig in die pad moet stop, word die dienste van ‘n verkeersbeampte-begeleier benodig.

Oorhang

‘n Operateur moet een van sy eie begeleidingsvoertuie voorsien wanneer die voorste oorhang van ‘n loopkraan of fondasiegrawer die lengtes wat deur die NRTR voorgeskryf word, oorskry.✓ Na goeddunke van die uitreikingsowerheid kan ‘n verkeersbeampte die abnormale voertuig of vrag moet begelei wanneer die voorste oorgang 8 m oorskry.✓

Vragprojeksie/uitsteking

‘n Operateur moet een van sy eie begeleidingsvoertuie voorsien wanneer die agterste vragprojeksie 1,8 m oorskry.✓ Hierdie voertuig moet agter die abnormale vrag ry.✓ (8)

(4 × 2)

7.4
- Ry per ongeluk oor werknemers terwyl die voertuig beweeg, veral gedurende onbeheerde terugry-aksies;
- Val uit voertuie of ander hystoerusting tydens laai of aflaai;
- Word deur ‘n bewegende voertuig of ‘n suspensievrag getref;
- Word getref deur bewegende of vallende voorwerpe wat nie stewig vasgemaak is nie;
- Voertuie wat val of omslaan; en
- Gly en struikel. (Enige relevante antwoord 4 × 2) (8)

[32]

VRAAG 8

8.1 **Sorgsaamheidsplig**✓
Dit beteken dat die persoon wat die afval genereer in alle omstandighede vir al die afval wat voortgebring word verantwoordelik is.✓ Die persoon behou die finale verantwoordelikheid om te verseker dat die afval hanteer, geberg en opgeruim of verwyder word in ooreenstemming met die relevante wetgewing en op ‘n manier wat omgewingsvriendelik en -verantwoordelik is.✓

Besoedelaar betaal ✓
Dit bepaal dat die persoon of organisasie wat die besoedeling veroorsaak, aanspreeklik is vir enige koste wat daaraan verbonde is om dit skoon te maak en die uitwerkings daarvan te rehabiliteer.✓ Die besoedelaar sal nie noodwendig ook die persoon wees wat die besoedeling veroorsaak nie, en dit is moontlik dat die verantwoordelikheid vir die veilige hantering, behandeling of wegdoening van afval van een bekwame kontrakterende party op ‘n ander sal oorgaan.✓ Die besoedelaar kan dus iemand anders as die een wat die besoedeling veroorsaak wees, soos ‘n stortterreinoperateur of ‘n vervoerder.

Voorsorgbeginsels✓
Dit veronderstel dat afval of ‘n geïdentifiseerde besoedelstof van afval uiters gevaarlik en giftig is, totdat die teendeel bewys word.✓ Aangesien die wetgewing strenger is vir uiters gevaarlike en toksiese afval, is die koste vir die behandeling en wegdoening daarvan gevolglik hoër as vir afval wat ‘n laer gevaar inhou.✓ (3 × 2) (6)

8.2
- **Plofstowwe:** Enjins met afgeskakel word voordat enige plofstowwe op- of afgelaai word. Laairuimte moet nagegaan word,✓ vragverwarmers afgeskakel word, en verhitterbrandstoftenks moet gedreineer word. Daar moet verseker word dat geen skep punte die vrag kan beskadig nie.✓ Boute, skroewe, spykers, gebreekte sypanele, en gebreekte vloerborde moet nagegaan en herstel word. Ekstra sorg moet aan die dag gelê word om plofstowwe te beskerm: pakkette wat plofstowwe bevat moet nooit laat val, gegooi, of gerol word nie. Beskadigde pakkette plofstowwe, of pakkette wat enige vog of olievlekke vertoon, moet nooit vervoer word nie.
- **Bytende stowwe:** Indien dit met die hand opgelaai word, moet breekbare houers met bytende vloeistof een vir een gelaai word, met die regte kant na bo.✓ Hierdie houers moet nie laat val of gerol word nie.✓ Laai hulle op ‘n gelyk vloeroppervlak en stapel dit opmekaar slegs indien die laer vlak met veiligheid die gewig van die boonste vlak kan dra. Batterye wat elektroliet bevat, moet op so ‘n manier geberg word dat die vloeistof nie kan uitloop nie.
- **Saamgeperste gasse:** Indien die voertuig nie rakke het om silinders op te pak nie, moet die vragruimte se vloer plat wees.✓ Die silinders moet regop gehou word stewig vasgemaak word, of plat lê, of in rakke wat aan die voertuig vasgeheg is, of in bokse wat sal keer dat dit omval.✓
- **Radioaktiewe materiaal:** Die verskeper plak etikette p hierdie pakkette en druk die pakket se vervoerindeks op die etiket.✓ Aangesien straling elke pakket omring en na alle ander nabygeleë pakkette deursyfer, word die aantal pakkette wat saam gelaai kan word, beheer. Die nabyheid van die pakkette aan mense, diere, en onbeligte film word ook beheer.✓

(4 × 2) (8)

8.3 8.3.1
- Naam van die maatskappy
- Datum en tyd van ongeluk
- Plek van ongeluk
- ‘n Kort beskrywing van ongeluk
- Oorsaak van ongeluk
- Aantal ongevalle
- UN-nommers van goedere betrokke
- Bondige besonderhede van skade aan eiendom wat deur gevaarlike goedere veroorsaak is
- Benaderde hoeveelheid goedere gestort of vrygestel
- Tipe vrag
- Nooddienste geaktiveer
- Bondige besonderhede van opruimingsaktiwiteite, indien van toepassing (2 × 1)

(2)

8.3.2
- Polisiedienste
- Nooddienste

(2)

Copyright reserved

8.4 **Omvang:** ✓Wanneer die omvang van die noodplan gedefinieer word, is dit belangrik om te onthou dat die dokument daarop gerig is om alle bewoners of insittendes van fasiliteite of voertuie vertroud te maak met die prosedures wat✓ gedurende 'n noodgeval geïmplementeer sal word, en dus besonderhede moet verskaf oor standaardbedryfsriglyne wat tydens die verskillende stadiums van 'n noodgeval gevolg moet word.

Plantitel en -outoriteit: ✓Die outoriteit vir implementering en bevelslyn moet duidelik uitgespel word.✓

Inhoudsopgawe: ✓ More 'n logiese volgorde volg, maklik wees om te lees en aan die begin van die plan verskyn.✓

Verspreidingslyste: Om met die bywerking en hersiening van die plan te help, moet 'n bygewerkte lys van alle planliggings en persone wat 'n afskrif van die plan ontvang het, ingesluit word.

Wysiging: Enige wysigings aan die plan moet duidelik beskryf word. Daar word aanbeveel dat die plan gereeld hersien word.

Glossarium en afkortings: 'n Omvattende glossarium en afkortingslys moet voorsien word vir maklike verwysing en om verwarring te voorkom.

Fasiliteitsbeskrywing: 'n Kort beskrywing van die fasiliteit waarvoor die plan voorsiening maak, moet voorsien word.

Definisies van situasies wat gedek word: 'n Duidelike en eenvoudige definisie van wat 'n noodgeval op die maatskappy se terrein en op die pad uitmaak, asook die verskillende vlakke van noodgevalle wat moontlik kan voorkom, moet voorsien word.

Tipes noodgevalle: Die tipes noodgevalle moet duidelik gedefinieer word, byvoorbeeld brande, ontploffings, stortings, gaslekkasies, burgerlike onrus, ens.

Reaksie: Die plan moet die persoon in die maatskappy wat die rol van noodbeheerder sal vertolk, identifiseer. Die plan moet ook alternatiewe organisatoriese posisies vir die rol van noodbeheerder aanwys, vir wanneer die eerste genomineerde noodbeheerder nie beskikbaar is nie (bv. waar sleutelpersoneel afwesig is as gevolg van siekverlof, vergaderings nie op die terrein nie, ens.) of vir tydperke wanneer die terrein met minimum personeelvlakke funksioneer (bv. oor naweke).

Interne noodhulpbronne: Die plan moet die beskikbare interne noodhulpbronne noem, byvoorbeeld:

- Brandbestrydingstoerusting
- Noodhulptoerusting
- Brandspanne
- Brandonderdrukkingsmiddels, soos sponsstawe ('sponge sticks)
- Spesialistoerusting (bv. laaigrawe, vurkhysers, ens.)

Commented [GK3]: Error in English – must be "stick", noy "stock"

Commented [GK4]: Error in English – must be "stick", noy "stock"

Ontruiming: Die plan moet toepaslike ontruimingsprosedures bevat, wat vir sowel besoekers aan die terrein, permanente terreinpersoneel, vragmotorbestuurders, ens. voorsiening maak. Dit is noodsaaklik om tydens noodgevalle rekenskap van personeel en terreinbesoekers te kan gee, en hierdie aspek moet hoë prioriteit in die plan geniet.

(3 × 2) (6)

8.5
- Die regsraamwerke verskil om die kenmerke van die verskillende metodes te akkommodeer.
- Dokumentasie word pasgemaak om vir metode-spesifieke kenmerke en operasies voorsiening te maak.
- Alhoewel die bedrywighede op veilige hantering en vervoer gerig is, hang die veilige oplaai en aflaai van vragte af van die toerusting wat gebruik word asook aanbevelings en regulasies wat metode-spesifiek is metode-spesifiek.
- Monitering berus op nasionale en internasionale samewerking, en op metode-spesifieke wetgewing.
- Noodoptrede en -reaksie hou verband met die bepaalde metode en die omvang en noodsaaklikheid van internasionale samewerking.
- Opruimings berus op die gebied van die lekkasie en die storting, die geografie van die gebied, die samewerking met internasionale owerhede, ens.
- Verslagdoening word in metode-spesifieke wetgewing en kodes soos die Internasionale Maritieme Gevaarlike Goedere (IMDG)-kode en SANS-dokumente voorgeskryf. (4 × 2) (8)

[32]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou